# DIE WAPAD

**STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.**

DEEL XII. Dinsdag 28 Mei 1957. No. 8.


# „Die arbeider is sy loon waardig"

## 'n Outoriteit oor die vakuniewese.

Die huidige toestand in die vakuniewese noodsaak vir die Christen-arbeider 'n algehele remedie—maar hoe . . . . ? Professor S. P. van der Walt het Woensdagaand die 22e Mei, voor'n vergadering van Korps Veritas Vincet, hierdie probleem geskilder.

Die vakunie is 'n beker wat nooit vol word van alle vorme van ongeregtigheid, gruwelikheid en onchristelikheid nie, is die persoonlike mening van die geagte spreker.



Prof. dr. S. P. van der Walt.

**PROBLEEMSTELLING:**

Baie studente berei hulle nie voor vir 'n professie nie, maar vir 'n bepaalde arbeid. Vir hom wag daar so iets soos 'n vakunie. Die vraag is egter: is u op hoogte van die wese, funksies, voordele, nadele (en wanpraktyke) van die vakuniestelsel in sy geskiedenis: ontstaan, ontwikkeling, in sy huidige vorm én (dit is die belangrikste) in sy toekomstige vorm?

**ONTSTAAN:**

'n Natuurlike drang in die sielelewe van die mens is: selfhandhawing! Die dagblad en tydskrifte is vandag vol van die selfsugtige kreet van die modernisme: staan op jou regte! Eis wat jou toekom! Gebore uit die regte (Calvinistiese) beginsel van gesag, sou so'n houding ook nie afgekeur kon word nie, maar is dit werklik die geval?

In die industriële lewe kry ons van die vroegste tye twee botsende partye: werkgewer en werknemer; die werkgewer vra 'n hoë wins, die werknemer vra 'n leefbare loon. Die vakunie het sy ontstaan in die reaksie van die werknemer teen die kapitalisme en uitbuitery van die werkgewer. So gesien sal ons geen vakunies kry in die professionele beroepe nie, aangesien diegene eerbied het vir hulle professie en die weg van onderhandeling volg.

**GESINSBANDE:**

Die vader van die vakunie was die liberalisme en die moeder kapitalisme. Hierdie ouers was nie instaat om hulle kind op te voed nie, so kry die kind 'n harde pleegmoeder: die kommunisme, wat die kind geen naasteliefde en onderdanigheid leer nie, maar sy opvoeding is: haat, breek, weg met alle gesag, weg met alle godsdiens! Suid-Afrika was een van die erfgename in die testament van hierdie pleegmoeder!

**DIE WESE VAN DIE VAKUNIE:**

In die ontwikkelingsgang van die vakunie, brei hy in omvang uit: elke werker binne 'n bepaalde ambag is outomaties lid van die vakunie. Hiermee brei sy mag ook uit. **Mag,** want die vakunie het 'n „tiran-vors" oor sy lede geword. Oënskynlik word veel in belang van die onderdane gedoen, maar in sy diepste wese is hulle onderdruk.

Iemand wat „weg met gesag" propageer en dan self met mag en gesag optree, gaan homself teë. Die gevolge is natuurlik: 'n waterdigte organisasie, geslote in sy geledere waarin korrupsie hoogty vier. Die lewensuitkyk is ewe onoorspronklik: onsimpatiek teenoor polisie, politiek en godsdiens. Niks sal gedoen word in diens van naaste of volk nie, van **diens** is daar geen sprake nie, slegs van werkerselfsug.

**REMEDIE:**

'nVerbetering in die toestande kan slegs by wyse van wetgewing van die Regering se kant geskied. Die ideaál is, volgens die spreker, 'n Christelik-Nasionale vakorganisasie, waarin die werker nie alleen bevóórdeel word nie, maar ook gestreef word na 'n menswaardige bestaan (dan sal hy ook bereid wees om dit aan sy naaste te gee!). Dieselfde geld ook vir die werkgewer. Dié vakunie, wat idealisme by die werker inskerp, wat streef na 'n hoër motief—die motief wat wortel op die grond Christus—is die vakunie vir die Calvinis!

Die Heilige Skrif is die enigste grond vir die menslike samelewing, vir die Christelik-Nasionale vakunie. Dan sal die leuse reg wees: Godediens en naastediens!

---

# Leersame besoek van Baron Rappe

Voor 'n teleurstellende klein klompie studente het Baron Rappe van die Sweedse Legasie onder beskerming van die A.S.B. op Donderdag 23 Mei 'n lesing, toegelig met films, gelewer.

Die Baron, wat nog maar 4 jaar lank in Suid-Afrika is, het in Engels 'n insiggewende praatjie gehou, waarin die toehoorders nuwe dinge aangaande Swede geleer het. Dit was besonder treffend dat daar tussen Swede en Suid-Afrika groot ooreenkomste bestaan veral met betrekking tot die industralisasie en daarmee gepaardgaande verstedeliking van 'n landelike bevolking.

Swede, so groot as Transvaal en die Vrystaat tesame en 'n inwonertal van sewe miljoen, is die land van die Vikings. Die moderne Swede word regeer deur 'n koning met 'n parlement met uitvoerende mag op 'n eg demokratiese grondslag. Daar is algemene stemreg en die vrou is ten volle geëmansipeer.

Waar Swede eers oorwegend afhanklik was van die boerdery, is dit tans 'n nywerheidsland, met 'n geweldige handelsvloot van 1,600 skepe. Dit is moontlik gemaak deur die uitgestrekte bosse en plantasies asook die feit dat naas Frankryk Swede die meeste ystererts in die wêreld lewer.

Hoewel Swede vir die afgelope 150 jaar lank reeds 'n neutrale land is, word soveel as 5% van die totale inkomste aan verdediging bestee. Oorlogskepe, lugafweerkanonne ens. word in Swede self vervaardig. Die see- sowel as lugmag is een van die magtigste in Europa.

Die gevolg van die voorafgaande is hoë belastings, wat tans deur die opposisie gebruik word vir politieke doeleindes. 'n Persoon met 'n inkomste van £2,000 per jaar betaal 30% inkomstebelasting en 10% plaaslike inkomstebelasting. Die 80% kerf mag egter nie oorskry word nie!

Tog is die Sweed van vandag welgesteld. Weens die periode van oorgang heers daar onsekerheid in Swede, wat tewens dwarsoor die wêreld merkbaar is. Daar is egter reeds tekens van dat die Swede hulle by die nuwe omstandighede begin aanpas.

Uit 'n paar vrae wat gestel is, het dit duidelik geword dat hoewel hul koerante krities staan teenoor ons kleurvraagstuk, hulle tog nou beter ingelig word. Na 'n reformasie in die 16de eeu het hulle oorgeslaan van die Roomse na die Lutheraanse godsdiens. Die spreker erken dat die materialisme in die opvoedkunde benadruk word ten koste van die geestelike, maar stel dat dit die geval is in elke land ter wêreld.

Die film „Fortune in the Forests" het beklemtoon van watter belang Bosbou vir Swede is.

'n Mens word in die film „Glimpses of Sweden" opnuut getref deur die geweldige waterrykheid van die Europese lande.

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
**KRUIDENIERSWARE, SIGARETTE en LEKKERS**
**RUDGE FIETSE en FIETS-ONDERDELE**

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

**JAY'S GARAGE**
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

*Die Wapad*
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
Saterdag 18 Mei 1957.

**REDAKSIE**
Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

**ADMINISTRASIE**
D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

# Pukke en die Alma Mater.

Kenmerkend van die lewe aan die P.U. vir C.H.O., is die besonder goeie verhouding wat bestaan tussen die Universiteitsowerhede en die S.R. Met groot vrymoedigheid word met die probleme van die studentegemeenskap na die Rektor, Registrateur of watter instansie ookal, gegaan.

Maar nou wil dit lyk asof hierdie goeie verhouding alleen bestaan tussen die S.R. en die owerhede van die Universiteit. Want daar word 'n gebrek aan kontak en belangstelling gemerk tussen die individuele student en die P.U. wanneer een of ander funksie offisieel deur die Universiteit gereel word. Om te illustreer wat bedoel word, haal ek aan uit Die Wapad van Donderdag, 16 Mei: „Mnr. J. J. P. Op't Hof het . . . . . . . 'n gehoor van 192 mense en 6 studente toegespreek by geleentheid van die geleentheid van die ingebruikneming van die Administrasiegebou en die sierlike Chemielaboratorium."

Voorbeelde kan met talle vermeerder word: dink maar aan die min studente wat die gradeplegtigheid bywoon (behalwe die wat self graad kry of wat kom om te sien hoedat 'n graad aan 'n besondere maat toegeken word); die offisiële opening en sluiting van die Universiteit; inougurele redes; ingebruikneem van die Lettie du Plessissaal.

'n Verblydende uitsondering was die geval met die besoek van die Eerste Minister verlede jaar. Maar hiervoor is daar verskillende redes aan te voer: dit was 'n besondere persoon; die S.R. het met die Universiteitsowerhede geskakel om samewerking, of andersom; die Premier sou ook die kafeteria open.

Indien hierdie redes aanvaar word as die ware oorsaak vir die uitsondering in hierdie geval, is dit duidelik dat die studente in die eerste plek ingestel is op sensasie; in die tweede plek dat met skakeling tussen die Universiteitsowerhede en die S.R., die toestand grootliks verhelp kan word; derdens is dit duidelik dat die studante alleen belangstelling toon wanneer iets direk op hulle betrekking het (soos die kafeteria).

Om hierdie toestand te probeer verhelp, skyn dit dus asof skakeling tussen die owerhede en die S.R. en van die S.R. na die massa, veel nouer moet wees—soos wel die geval was met die besoek van die Premier. Ons verneem dat in sulke gevalle die S.R. deur die owerhede van sulke funksies ens. verwittig word. Dan kan seker van die S.R. verwag word om nouer met die massa te skakel in verband met sodanige sake en selfs 'n bydrae van die kant van die studente in die program van die verigtinge te probeer bewerkstellig. So sal die massa daartoe opgevoed word om as 'n eenheid op te tree in sake rakende hul Alma Mater-Intervarsity uitgesluit.

Maar die vernaamste rede vir die gebrek aan belangstelling,

(Vervolg op bl. 3, kolom 1 en 2.)

## Oordenking

# JESUS GAAN WEG!

Joh. 16: 6 en 7a.

6. Maar omdat Ek dit vir julle gesê het, het droefheid julle harte vervul.

7. Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan . . . . . . .

Die dissipels was bedroef.

Jesus het gesê dat Hy weggaan.

Hulle het Hom liefgehad. 'n Afskeid tussen geliefdes veroorsaak altyd droefheid.

Hoe bitter!

Die geliefde Heiland se teenwoordigheid sal hulle altyd mis, so dink hulle. Hy wat aan hulle spyse gegee het toe hulle honger was, genesing waar krankheid was, hulp in moeilikhede, redding uit gevare . . . . . by Hom was hulle veilig.

En nou, nou sê Hy dat Hy weggaan. Hulle kón Hom nie mis nie!

O, leser, as ons Jesus ook by ons gehad het soos Sy dissipels . . . . kon ervaar en aanskou wat Hy doen, altyd by Hom bly en Hy by ons! Ons sou ook gereken het dat die verlies smartlik was, vol bitterheid en armoede!

Die **verlies** is groot.

Die **wins** is egter nog veel, ontsaglik veel groter.

Die Evangelie sal voortaan deur die hele wêreld verbrei word. Hy sal sy uitverkorenes vergader. . . . Hy die hemelse Herder, en **ons** die skape van sy weiding.

En vanuit die hemel aanskou Jesus ons moeilikhede en stryd. **Ons** sien Hom nie, maar **Hy** sien ons, Hy help ons, red ons en bewaar ons.

Hy het gegaan om vir ons 'n plek te berei. In die hemel is Hy besig om alles in gereedheid te bring vir ons ontvangs.

Christus is by die troon van God, as Satan ons aanklae, is **Hy** ons voorspraak. **Hy** wat die losprys betaal het, besit ook die kwitansie van ons skuldvereffening . . . . Tevergeefs die aanklag van Satan. Sittende aan die regterhand van God, regeer Hy oor alles.

Jesus bid vir ons.

Al is ons wederstrewig, dan bid en pleit Hy voor die Vader, soos Moses van ouds gepleit het vir die Israeliete. Tot ons voordeel het Jesus weggegaan; die Trooster na ons gestuur, Hy het in ons kom woon, Hy wyk nooit weer nie—gaan nooit weg nie. Kragtig en voortdurend werk Hy en tog verborge.

Dit is die Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan. So is Christus **in ons** en nie **buite** ons nie! So is Hy

(Vervolg op bls. 3 kolom 1.)

# Die A.S.B. bied aan : 'n Europeese vakansie.

Die 1957—8-toerplan van die A.S.B. lê voor my. Dis op die oog af 'n lys van name en plekke: drie bladsye daarvan, beginnende by 6 Desember, eindigende by 27 Februarie. Maar as mens bietjie meer aandag gee, word dit oneindig veel meer as 'n reeks name: droomwoorde en lugkasteelideë wat ineens met soveel nuwe moontlikhede voor jou staan.

21 Desember en daarná: **London:** Hierdie vuile, vale dierbare ou vlek op die aarde waar die ondergrondse spoorweg dit onmoontlik maak om te verdwaal . . . . die verrukking van Piccadilly in die aand as die fantastiese kleurespel van neons om jou flikker en die standbeeld van Eros, 'n swart silhoeët teen die maan . . . . . die waar word van die verlede in grys ou kastele, die „Tower of London" met sy bloedige verlede. Bo alles: 'n nuwe ruim begrip van die Engelse volksiel en die tradisie van soveel eeue.

27 Desember en daarná: **Holland:** wit, egalige sneeuwêreld met idilliese windmeulens, hier en daar in 'n broeikamer; die verrassende kleurspel van tulpe . . . die Rijksmuseum waarheen sommige Amsterdammers vir dertig jaar aaneen elke Sondag gaan en nog nie alles gesien het nie . . . : Rembrandt, ryp, skoon, met die sametrekking van al wat groot en verhewe in die Hollandse Goue Eeu was.

Oujaarsdag en daarná:**Brussel.** Die sprakelose wonder van die St. Gudule-katedraal, 'n gebed in steen, skemerige gewelwe wat wegraak in die duister. . . En daarvandaan na Middeleeuse Brugge met die intieme kantwinkeltjies en die Minnewaters met wit, rustige swane . . . . .

4 Januarie en daarná: **Parys,** enige, onvergeetlike Parys met die uitbundige vrolikheid van **les folies,** die tintelende Franse lewensvreugde, die stil, biddende gewydheid van die Sacré-Coeur-katedraal met sy suiwere wit marmer. En die Notre-Dame met sy stomp torings hoog bo jou teen die sterlig, die hele Seine 'n feëspel van liggies en flikkering. Versailles met sy paleis —en die hele Rewolusie wat terugspring uit die verlede.

13 Januarie en daarná: **Italië,** warm vrolike rooiwynland met sy uitbundige vissersvolk en sy singende mense. Florence met die katedraal waar 'n halfmiljoen mense kan vergader . . . . die werke van Michelangelo, Da Vinci, Raphael, waar jy staan en voel hoe jou liggaam versmelt en jy klein word voor die suiwerheid van hierdie kleur, hierdie lyn . . . . Rome, a, Rome—Ewige Stad waaroor die dom van St. Pieters koepel en waar die gewelwe van die Colosseum spookskaduwees gooi in die maanlig. Napels, uitbundige Napoli, blou-blou see. Venesië met sy swyende gondels.

4 Februarie en daarná: **Duitsland,** met sy sneeuberge, spitse toppe, breë Ryn—en die swart bouvalle van oorlogsverwoesting blokke aaneen tussen die nuwe geboue.

En dan terug, wiegend op die see—'n vakansie om nooit, nooit te vergeet nie en wat altyd in die jare wat kom diep uit die hart teruggehaal sal word in daardie mooiste oomblikke van die lewe wanneer alles opgediep word „die héél ver is, en héél skoon."

* * * *

Vir nadere besonderhede i.s. die A.S.B.-toer, skakel die Sekretaris van die plaaslike A.S.B.-tak.

(Vervolg van bl. 2, kol. 4.)

met **ons** al die dae van ons lewe. Die verlies is eintlik wins!

Jesus het weggegaan, maar Hy kom weer.
Hy het belowe om ons te kom haal.
Leser, wag op Sy koms, wag altyd!
En dit is nie meer lank nie, dan sien u Hom op die wolke!
Maranáta! „Die Here kom!"

Koos du Plooy.

(Vervolg van bl. 2.)

is tog te soek by die individuele student. Dit skyn asof dit 'n besoek van ten minste 'n Eerste Minister verg om hom te laat belangstel in die mylpale wat aan die Alma Mater bereik is. Verder moet hierdie mylpale spesifiek in sy behoeftes en gerief voorsien—soos die kafeteria. Dan eers toon hy 'n mate van belangstelling. Intussen word uit die oog verloor dat elke voorwaartse stap van die P.U. vir C.H.O. in sy belang is, want soos dit 'n ware student betaam, moet ons saamleef en -groei met ons Alma Mater.

Dus: nie die sug na sensasie of die eis van gerief moet ons aanspoor om belang te stel in die offisiële verrigtinge van die P.U. nie, maar so nou moet ons skakel met ons inrigting dat sy triomf ook ons triomf is, sy fees ook ons fees en sy vordering ons vreugde. En dit moet ons toon deur met opregte belangstelling en entoesiasme op te kom na sodanige verrigtinge.


**EXCELSIOR MEUBELS**

Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

**S. A. N. L. A. M.**

Word verteenwoordig deur

**Mnr. J. Venter**
Dawie du Plessis, Heimat.
**Mnr. Piet Grobler**
Teologiese studente.
**Mnr. H. van Rooy**
Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

●

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

**DAMES!!**

**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.**

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE ● RADIO'S

**Kerkstraat 101 — Potchefstroom.**

**Telefoon 185.**

## BRIEWEBUS

# Swaeltjies, Sleep, Republiek

Die Republiek,
P.U. vir C.H.O.,
24-5-'57.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad."

Meneer,

Sleep het 'n probleem geword hier op die rustige ou Puk met die baie swaeltjies. Maar die swaeltjies is nou weer 'n ander probleem. Nou die dag is hier 'n massamoord op die onskuldige goed gepleeg en die oorlede kleintjies het in strepe dood gelê. Ons hier in die Kompleks moet nou daagliks teen sononder die jammerkrete van die vaders en moeders aanhoor. Ons kan die daders verseker die ongelukkige swaeltjies was geen ontsiering van die „pragtige" koshuise van die Puk nie, maar eerder 'n versiering.

Maar om terug te kom tot sleep. Op 'n onlangs gehoue vergadering van die dameskosgangers, is sterk beswaar aangeteken teen die feit dat die mans voor 6.45 in die aand kom sleep. Al is dit ook 6.44, mag daar nog nie gesleep word nie. Nou ontstaan die probleem dat in die aand teen 6.45 die ingange van die dameskoshuise verduister was deur die baie slepers. Die gevolg was dan ook baie onaangenaam. Die eerstejaars op voordeur kon nie al die oproepe tegelyk beantwoord nie en het die helfte wat hulle onthou het, weer op die pad vergeet. Dus sit mens baie maklik daar tot 6.55 of selfs 7 uur.

Nou wie voel dan nog lus om met dieselfde gees as wat jy gekom het, die verdere halfuur deur te sleep?

Nou vind ons dat baie slepers begin dros na oorde waar hulle in vrede kan sleep en nie gedurig soos kinders opgepas word nie. 'n Onmiddellike probleem ontstaan—die Puk se dames word al hoe minder gesleep.

Die oplossing hier sal wees om net na aandete te begin sleep—dan vind mens geen ophoping by die deure nie. Dis maar een probleem. Kan die Prof. nie vir die tweedejaars en dore meer laataande gee nie en vir die seniors later laataande, en vir Thaba-Jäh skerms vir die sitkamer, en minder ligte op die gronde van 6.45—7.30 in die aand, en minder kwaai huiskomlede, en 'n republiek! Lank lewe die Republiek waar 'n man kan kom en gaan soos hy wil!

Ek dank u!

Republikein.

## „DIE WAPAD" WORD REGGEHELP.

Die Redakteur,
„Die Wapad",
POTCHEFSTROOM
Meneer,

In die jongste uitgawe van „Die Wapad", Donderdag 2 Mei, beweer U geagte rubriekskrywer „Jurie Gouws-Venter het in die afdeling IMPRESSIONISTIESE SKILDERKUNS al die pryse weggeraap." En dan volg 'n relaas oor hoe die werke gepenaliseer sou gewees het. Laat my asseblief toe om langs hierdie weg net die volgende onder u aandag te bring:

Terwyl ek vir die afdeling ABSTRAKTE KUNS ingeskryf het, (onderafdeling KUBISME) kan ek werklik nie juis insien hoe u so 'n fout kon begaan het as om die werke IMPRESSIONISTIES te noem nie. Ongelukkig word alle kuns nie onder die mooiste en langste of die „soetklinkendste" naam genoem nie. Of is U miskien van mening toegedaan dat 'n tafel klein varkies kan kry bloot omdat albei vier pote het? Ek vra maar net. . . . . .

Dan ontken ek ook geheel en al die bewering dat ek alle pryse „weggeraap" het. Sover my kennis strek is ek slegs met 'n tweede en derde plek vereer. Die bewering dus dat my werke „af gemerk" is—terloops 'n mens merk skape maar ek meen skilderye word beoordeel—is hier net so onvanpas as die benaming IMPRESSIONISTIES vir die genoemde werke, aangesien daar hoegenaamd geen bewyse voor aangebied kan word nie. Buitendien, sou dit wel die geval gewees het, dan was die blote noem daarvan, om dit eufimisties te stel, swak smaak.

Dit is jammer dat die Kunsredaksie sulke flaters deurlaat aangesien ek van mening toegedaan is dat hulle tog wel deeglik bewus is van die verskillende kunsrigtings en van die voorwaardes verbonde aan beoordelings van kunswerke.

Ek dank U vir plasing,
Die uwe,
Jurie Gouws-Venter.
Potchefstroom.

Dwarsstraat 39,
Potchefstroom.

## 'N GEWEEN OOR DIE WAPAD.

Presidentstraat 44,
Potchefstroom.
9 Mei 1957.

Geagte Meneer Redakteur,

Vergun my asseblief die geleentheid om hardop te ween oor die vraag hoe om 'n Wapad te bekom.

Die eerste kwartaal het ek tevergeefs gepoog om intekenaar te word, a.g.v. die gebrek aan kontak met die betrokke instansies. Nadat die tweede kwartaal reeds 'n endjie gevorder was en ek met vele moeite intekenaar geword het, het daar op die kennisgewingbord by die Teol. Skool 'n lys verskyn wat die weg oopgemaak het tot intekening.

Die volgende stap was om te wag vir die volgende aflewering. Dit het egter uitgebly en vandag moes ek verneem dat die vorige uitgawe reeds in die omgewing van verlede week sy verskyning gemaak het.

Daarom wil ek aan die geagte redaksie vra of die haakplekkie nie uit die weg geruim kan word nie. Ons as nie-koshuisbewoners wil ook graag op hoogte bly en meelewe (al is dit net in die gees en by wyse van nabetragting) met die verskillende belangrike gebeurtenisse van ons gemeenskap.

Vergun my dus, geagte Redakteur, om nog eens 'n traan te laat val.

Die uwe,
Hein Kruger.

[Ons is baie jammer oor die moeite en die vertraging in die aflewering. Tans word op die saak ingegaan en binnekort sal 'n verbetering intree (Red.)]

# Uit die Kroniekboek

## Handelinge van die Groot Raad.

Mei 1957 was 'n stil maand in soverre dit Studenteraadsvergaderings aangaan. Daar was veels te veel ander aktiwiteite wat die aandag vereis het—dinge soos dirigentskakery en alles wat daarmee saamhang.

Om hierdie rede is slegs twee vergaderings gehou—op 6 Mei en 14 Mei onderskeidelik. In die gees van die tyd kon die Studenteraad op hierdie vergaderings maar nie loskom van die intervarsity en sy gevolge nie. As daar nie gehandel is oor die reëls wat gevolg moet word by die skakery en die finansiering van sulke aksies nie, dan is die vergadering met gereelde tussenposes gedisorganiseer deur wilde geskree van die koshuise se kant.

**BETAALDE AMPTENAAR.**

Die Studenteraad is op die oomblik besig om die moontlikheid van die aanstelling van 'n betaalde studenteraadsamptenaar te ondersoek, en daar is alreeds lewendige bespreking oor die voordele hieraan verbonde en die probleme wat mag opduik, gevoer. Wat duidelik blyk, is die eensgesindheid oor die voordele verbonde aan so 'n aanstelling.

**EERSTEJAARS.**

Benewens intervarsity en tiksters het ook die eerstejaars ter tafel gekom. Vir hierdie groep in ons midde word daar 'n byeenkoms in die nabye toekoms in vooruitsig gestel.

**„TAMPAN" BOOYENS.**


Met hierdie byvoegsel tot 'n hoender in ons midde, is daar 'n groot deel van 14 Mei se bespreking aan wagstanery en dergelike tydverdrywe gewy. Tesame met die praktiese reëlings is daar ook 'n mosie van gelukwense aan die ontvoerders aangeneem.

**S:A.B.R.A:**

Op interessante wyse is verslag gedoen van die afgelope kongres, gehou te Pretoria, wat as tema gehad het „Maatskaplike vraagstukke rakende die Naturellebevolking". Mnre. D. J. Putter en H. J. D. van der Walt het die wenslikheid van nouer samewerking tussen ons studente en S.A.B.R.A. beklemtoon.

**BESOEKERS UIT EUROPA.**

Besondere aandag is geskenk op die vergadering van 14 Mei aan die program wat opgestel is deur die plaaslike A:S.B. bestuur vir die onthaal van dr. Johan Fleerackers en mnr. Harry Brinkman. Vir hierdie twee here word daar benewens plaaslike aktiwiteite ook nog besoeke aan 'n boereplaas en 'n goudmyn beplan.




# Jochem van Bruggen en ons armblanke prosa.

Op 22 Mei is die eerste realis van die Afrikaanse prosa oorlede. Jochem van Bruggen is op ses-en-sewentigjarige leeftyd heen ná 'n lewe van vele wisselinge tussen erkenning en miskenning. Erkenning het hy veral in die twintiger- en dertigerjare ontvang as skepper van ,,die eerste lewende mens in Afrikaans", Ampie, en as Hertzogpryswinner. Daarná het sy aansien veral onder die jonger geslag getaan en enkele jare gelede is berig dat hy onder ellendige omstandighede 'n bestaan maak. Daarná het sake verbeter, maar dit skyn of daar werklik kommerlose geluk weinig sprake was.

In ons tydskrifte sal daar waarskynlik heelwat huldigingsartikels oor Van Bruggen verskyn; derhalwe wil ek hom eintlik bloot as uitgangspunt neem vir 'n kort bespreking van die armblanke-prosa in Afrikaans.

Ampie, wat in 1924 met sy deurmekaar kuif en krultone 'n groot spoor in die Afrikaanse prosa kom trap het, was in die Afrikaanse realistiese rigting eintlik die eerste figuur van omvang. Die waardering van hierdie karakter en die werk waarin hy verskyn, was dan ook na behore groot: 'n waardering wat egter, soos hierbo reeds aangestip, aanmerklik getaan het. Die rede daarvoor lê voor die hand. Waar die Afrikaner in 1924— die verskyningsjaar van **Ampie**— nog 'n onterfde op eie grond was en maar aan die begin van sy selfstandigwording, in geestelike sin, gestaan het, is dit vandag 'n aanvaarde feit dat hy sy regmatige plek in hoë mate nou reeds kom inneem het. Ná die katastrofe van die Tweede Wêreldoorlog, toe alles tot so 'n plotse en kragdadige oplewing gekom het, het die Afrikaner in die ekonomie en die handelswêreld sy staanplekkie kom oopskoffel. Die pastorale verlede het finaal tot die verlede teruggesak en die Afrikaner het stadsmens geword. Vandaar dat die nuwe geslag in Afrikaans die ontstaanswêreld van **Ampie** nouliks meer kon begryp en hierdie werk na agter geskuif het. Dat veel van die lof wat die boek reeds verwerf het, oordrewe was, kan ons vandag aanvaar. Maar dat **Ampie** in wese tog uit kunsaanvoeling gebore is, val eweeens nie te ontken nie.

**Ampie** het egter die Afrikaanse prosa 'n ondiens bewys waarvoor Van Bruggen self nie te blameer is nie: Die werk is so lank aan ans voorgehou as **kuns**, as 'n uitbeelding van die **mens**, dat ons 'n verkeerde opvatting van kuns en mensbeelding ontwikkel het. Kyk maar na ons tydskrifte wat ,,Kunsverhale" aanbied; na werke wat deur Uitgewers (en selfs deur kritici) aangeprys word as kunswerke in Afrikaans en u sal verbaas staan oor die hoeveelheid armblankheid wat daarin skuil. Dit het mode geword—'n ellendige en onvergeeflike mode—om alles wat oor die minderbevoorregte en die sub-normale handel, as ,,kuns" betitel te kry. Hopelose mislukkings wat net die armblanke as tema het, word as kuns die wêre'd ingestuur en ons moet dit maar aanvaar. Laat ons toegee dat Mikro, Johanssen e.a. pragwerke oor die minderbevoorregte gelewer het, maar juis Mikro is besig om met sy stringe verhale oor Gonnakolk, Soetwater en wat-ook-al hierdie onkunde by die publiek uit te buit.

Die Afrikaner het nou 'n ander milieu, 'n ander dampkring van bestaan. Laat ons dan nou probeer om nie net in die verlede en in die minderbevoorregte kuns te soek nie. Laat ons bietjie ons danigheid oor die plaas en die bywoner en die droogte afskud. Wat vandag dringend nodig geword het in ons prosa—en wat ons poësie lank reeds doen—is om te voorsien in die behoeftes wat deur 'n moderne wêreld geskep is en om juis die nuwe en die veranderde kunsmatig te vertolk.

Eers dan kan ons onsself werklik verantwoord en rekenskap gee van die Afrikaner in sy nuwe gedaante.

André P. Brink.

## BEDANKING.

Graag wil die redaksie van Die Wapad hiermee sy opregte dank uitspreek aan die volgende persone wat die uitgawe van die Intervarsitynommer van Die Wapad moontlik gemaak het:

In die eerste plek aan die drukker, sonder wie se welwillende medewerking die onderneming van soiets onmoontlik sou wees.

In die tweede plek aan die eerstejaars wat die opoffering gedoen het om die berigte na die drukker te neem so vinnig as wat dit geskryf is. Hulle was: C. Bornman, P. Henning, A. van der Walt, P. Bingle, J. Boneschans, W. J. Steyn, L. Aucamp, R. van der Heever, P. de Jager, H. Els, J. Combrinck, H. Sondorp, S. du Toit.

In die laaste plek aan die persone wat gehelp het met die verspreiding en verkoop van die uitgawe op Saterdagaand. (Wie van die lesers het die voorreg gehad om Jozef Henning om halfeen die nag op Cachet te sien Wapad verkoop aan die vertrekkende Kovsies?)

## AANVULLINGS BY BESEMBOS-REDAKSIE:

Die Redaksie van Die Besembos is so pas uitgebrei met die volgende nuwe afdelings:

Verenigingslewe: Mej. Lenie de Beer

Sport: Mnr W. Postma.

Die studente kan nie anders as om hierdie uitbreidings van die redaksie van ons jaarblad te verwelkom nie. Daardeur word voorsien in 'n leemte wat in die verlede bestaan het t.o.v. twee baie belangrike afdelings van ons studentelewe, aangesien byna alleenlik deur middel van foto's daaraan aandag gegee is.

SAAMWERK
WINKEL,
VON WIELLIGHSTRAAT 35
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

SONSKYN KAFEE
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE en
TYDSKRIFTE.
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

★
WES-TRANSVAAL
SPORTWINKEL
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.
HARDEWARE,
★

SUZETTE'S
HAARSALON
Besoek ons vir kostelose deskundige advies i.v.m. u hare, die golwing.
SPESIALE TARIEWE
VIR STUDENTE
TEVEDENHEID
GEWAARBORG
Alleen die beste preparate word deur ons gebruik.
KOM EN OORTUIG U SELF.

# Leer en word wys.

Dat die senior-studente baie van die eerstejaars, en veral van hulle brosjure-eksamenantwoorde, kan leer is miskien waar, maar dan alleen as ons wil weet wat **NIE** reg en **NIE** logies is nie!

**EERSTEJAAR-LOGIKA.**

„Die P.U. moet 'n Christelike Universiteit wees, omdat dit 'n Christelike Universiteit moet wees."

* * * *

„Alle opvoeding en onderwys berus tog op 'n Christelike grondslag."

* * * *

„As 'n universiteit Christelik is, dan is hy ook humanisties:"

**DIKTATORSKAP?**

In antwoord op die vraag, „Hoe tree die leidende, adviserende en dwingende karakter van die S.R. na vore?": „Die voorsitter van die S.R. is die leidende, dwingende en adviserende karakter."

**SWAAR DRA!**

In 1904 word, op aandrang van Totius, die Teologiese Skool na Potchefstroom **vervoer."**

**HOOR! HOOR!**

„In die laaste jare het die P.U. baie swaar gehad, maar die studente het darem kop bo water gehou, sodat die P.U. vir C.H.O. vandag gegroei het tot die grootste universiteit in die land."

**DIS HOE DIT HOORT!**

Op die vraag watter maniere van optrede van hom 'n waardige P.U.-student sal maak, skryf 'n eerstejaar:
„(i) Gehoorsaam die Seniorstudente.
(ii) Wees vriendelik met die Seniors.
(iii) Staan stil by die groet van Seniors." (Hy kruip!)

'n Ander antwoord: „Deur 'n ware Alma Mater te wees."

* * * *

„ ‚Die Wapad' bevat alledaagse gebeurtenisse, selfs dit wat ook nie van belang is nie." (Skande!)

* * * *

„Die hele studentegemeenskap van die P.U: staan vas en nie los nie."

* * * *

„Dr. D. F. Malan het die fondament van die Totiusgedenksaal gelê" (Seker toe hy leier van die Arbeidersparty was!)

# Die maan het gebloos

Met die volmaan en Intervarsity so kort op mekaar se hakke, kon heelparty mense se weerstand teen die elemente wat veronderstel is om die hartsnare te bevries, weer op die voorgrond tree, en raai, die gevolge was glad nie sleg nie!

'n Wendrie vir die Kovsies en 'n Puk-erekleurbaadjie gaan vir al die Pukke gladnie saam nie, maar skynbaar was Hantie van der Walt van 'n ander opinie. Of het jy net spesiaal van Bloemfontein af gekom om alles te kom regmaak, Stoney, en toe loop jy jou in daardie drie vas? As mens 'n dirigent is, kan jy baie dinge vermag, selfs in jou ballingskap. Tampan sal seker weer kom kuier, of het jy hom nie na ons kant oorgehaal nie, Johanna?

Die jongste raad aan manne wat 'n ou nooi weer wil aankeer, is eenvoudig, so beweer Buks Kleynhans, al wat nodig is, is 'n kop so kaal soos 'n eier . . . . . Nog 'n gevolg van ons Intervarsity bedrywighede was die hernude verhouding van 'n rugbyheld, Pierre, met Roleen.

Twee paar eerstejaarsogies het geblink, en die rede? Ek dink Awie Pretorius en Frans Vorster weet sommer ons praat van Lina van Vuuren en Hannie Kruger. Kerneels Steenkamp, weer, het vir hom 'n Normaalnooientjie aangeskaf.

Nognie tevrede met die "Gold Rush"-kleure wat sy verower het nie, het Loedie Kruger weer haar vangnette gespan, en siedaar! ons arme hoofredakteur kry self die strop om sy nek . . . . . Ja, geen mens is bestand nie.



## VAN DIE REDAKSIE

Geagte Pukke,

Na al die spanning en opwinding van Intervarsity, sit ons nou kniediep in die minder aangename spanning van de tradisionele stryd tussen die dosente en die studente. Ons hoop egter dat die lesers in hierdie stryd beter sal vaar as met die Intervarsity. Laat julle net nie Stoney Steenkamp nie, Pukke, maar sorg dat die geheime wapen die keer aan julle kant is. En elke Pukkie is mos 'n knap student wat met sy talent woeker, dus is daar niks te vrese nie..

Wat u nuusblad betref: die Redaksie en administrasie probeer tans hul bes om op die een of ander manier 'n plan te bedink om die effens benarde finansiële posisie daarvan te verbeter. Van u kant sou ons graag die volste samewerking wou hê—soos deur gereeld Die Wapad te koop indien u nie 'n vaste intekenaar is nie en ook deur die verskillende geldmaakmaniere te ondersteun, bv. die blokkiesraaisel in te vul, gebruik te maak van die advertensiekolom wat voortaan gereeld sal verskyn en die gereelde pannekoekverkope te ondersteun. Vanselfsprekend moet u u intekengeld so gou moontlik aansuiwer.

Ons het in die laaste tyd 'n paar bydraes ontvang van lesers, maar van baie min kon ons gebruik maak, omdat dit meestal van 'n erg persoonlike aard was. Skryf maar oor enigiets wat u na aan die hart lê of waarmee u dink dat u ons blad kan ophelder en ons sal die plasing baie sterk oorweeg. Onthou net dat die bydraes óf getik óf in drukskrif moet wees. Wat die Redaksie veral sal verwelkom, sal wees wanneer lesers, as hulle vir die een of ander iets propaganda gemaak wil hê, die aandag van een van die lede van die redaksie op die komende gebeurtenis sal vestig. Met u samewerking in die verband, sal die nuusblad baie beter aan sy doel kan beantwoord as tans, want dikwels gebeur dit dat geeneen van die Redaksielede van die belangrike gebeurtenisse wat aan die kom is, weet nie en dan maar alleen kan nabetragting hou oor die gebeurtenis—iets wat nie baie bevredigend is nie.

Totdat ons weer met mekaar gesels, wens ons julle alle sterkte toe, Pukke. En hou maar die blink kant bo ten spyte van die onweerswolke en koue.

D. C. Coetsee.

PUKKIES!!
SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE
BESOEK:
KOLLEGE ONTWINKEL
PUKKIES!!
ONS SPESIALISEER IN:
● Skoonheidsmiddele
● Skryfbehoeftes en
● Studentebenodighede.
● HORLOSIES.
● NAALDWERK
Vir alle Studente-benodighede
Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.
H/v Tom- en von Wiellighstrate.


INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE en KOLONIALE
● Wynsoorte en
● Spiritualieë

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

LOOCK & KEENEY
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

A. T. LUKE & KIE.
APTEEK
ook
● GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

# Cassawali se gaatjies Raai- Raai




**Reëls vir deelname:**

1. Vul bygaande vorm in en sit dit in 'n koevert.
2. Gooi 'n sikspens (vir inskrywingsgeld) in die koevert.
3. Pos die koevert + die sikspens in Wapad se posbus (no.113) voor of op Maandag 10 Junie.
4. N.B.—'n Prys van £1 word toegeken aan die eerste korrekte antwoord wat oopgemaak word.

Naam ..............................................


Adres ..............................................

DWARS:

1. Die week net voor die Intervarsity was die gevange .................. die grootste bronne van vermaak op die PUK.
6. Tydens die "Gold Rush" is die ouhere skoon 'n .............. vir die mooiste Door.
7. Sy woon in die lekkerste dal wat ek ken, sy is die bron van my vreugde en bron van my smart.
8. Jurie is net soos die wit kraai; hy is .............. van sy soort.
10. Indien Bernice en Harry Brinkman sou kys, sou die grootste „draw-back" wees dat elke .............. van haar uit lit sou wees.

AF:

1. Soort olie met nie-smerende uitwerking.
2. Die meeste dames hou van mans wat .............. is (vervang g met n).
3. As jy 'n Buick het, kan jy dit met 'n Fiat doen, maar as jy 'n Fiat het en jy wil 'n Buick daarmee.............., moet jy goed wees.
4. Sinoniem aan 6 dwars. (letters omgeruil).
5. Hy word nou so oorlams dat hy selfs blokkiesraaisels uitdink.
9. Van watter .............. en specie sommige ouhere is, weet geen mens nie.
11. Toestand (t.o.v. studente) waarin die Studentesaal verkeer het toe mnr. J. J. P. Op't Hof hier was.
12. Ding waardeur 'n student reg in die hart van 'n nooi ingedra word.



Rassie Smit,
wenner van die eerste raai-raai.

## WENNERS VAN CASSAWALI SE RAAI-RAAI.

Dat die Blokkiesraaisel groot insig vind by die lesers van Die Wapad, is duidelik. Ten einde dit 'n steeds groter sukses te maak, wil ons aan elke leser vra om deel te neem. Bowendien lyk dit darem baie sleg as 'n inwoner van Kulu en 'n Dorpsjapie moet wen. Mag een van die inwoners van die Republiek met die volgende pond wegstap!

Die wenners van die eerste raai-raai is:

Rassie Smit
Anneke Thom.

Baie geluk! Nooi my tog saam wanneer julle die prestasie vier.

(Soos lesers sal onthou, is Rassie 'n voormalige Hoofredakteur van Die Wapad. Dit doen ons harte goed om te sien dat die ou garde nog so aktief belangstel in hul ou liefde.)

## UITSLAG VAN VERLEDE KEER SE WEDSTRYD:

Daar was onder al die inskrywings wat Cassawali bereik het, slegs TWEE wat volkome korrek was, en daarom ken hy net aan dié twee persone toe: **E. J. Smit en Mej. A. Tom:** Baie geluk Aan al die ander teleurgesteldes, julle was amper reg, probeer maar weer!

Hier volg die oplossing:

Dwars: 1: Beminde, 6. Fliek, 7. Aasvoël. 8. Doos, 10. Skaduwees.

Af: 1. Baarde, 2. Moskos, 3. Noop, 4. Elf, 5. Dirigente, 9. Skiet, 11. Skut, 12. Rok.


# ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

# ALF'S STUDIOS

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater) geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

**PRESIDENT CAFE**
and
**GRAND CAFE**
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

**KOM SIEN ONS—**
vir al u
• **Fotografiese**
en
• **Aptekersbenodigdhede.**
**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**

# P.U. Stoeispan sit segetog voort.

## 11 UIT 14 STOEIERS WEN!

Tydens die stoeitoernooi wat Saterdagaand, 25 Mei, in die „Y.M.C.A."-saal, Johannesburg, gehou is tussen P.U. en Wits, het die P.U.-stoeiers net soos teen U.O.V.S., seëvierend uit die stryd getree deur 11 uit die 14 gevegte te buit.

Indien die P.U.-stoeiers egter almal binne hulle gewigsgrens gestoei het, kon PUK. moontlik al die gevegte gebuit het. Sommige stoeiers is egter een, en andere twee gewigte opgeskuif om sodoende twee spanne te kon inskryf. Verder was Wynand Putter ook nie beskikbaar nie.

WENNERS:

**Die wenners was:** D. Coetzee, S. P. Kruger, P. Kruger, F. Steyn, J. Heysteck, P. Gründlingh, H. Coetzee, M. Viljoen, K. van Niekerk en Ot la Grange, terwyl C. Steenekamp, P. Brand en W. Postma minder gelukkig was, maar nie sonder eer uit die stryd getree het nie.

**Die Puk. is met reg trots op sy span, en in die toekoms behoort die Pukkies nog groot hoogtes te bereik. Die 21ste Junie durf die Witsies ons manne op eie werf aan en wel in die Studentesaal.**

## PUKKIES WEN LICHTENBURG

4 — 0.

Saterdag het die Pukkies weereens bewys dat, nieteenstaande die feit dat hulle teen U.O.V.S. die onderspit moes delf, hulle nie in Wes-Transvaalse kringe onderskat moet word nie. Die eerste span het mooi hokkie gespeel op die tuisveld en Lichtenburg die loef afgesteek met 4—0.

Die besoekers was van die staanspoor af op die verdediging terwyl die Pukkies die een aanval na die ander geloods het. Die akkuraat, kort aangeebewegings was een te veel vir die Lichtenburgers. Indien die Pukkies hulle kanse beter benut het, kon die telling hoër gewees het. Manne wat mooi vertoon het, was Horst Wiese, Piet van Wyk, Christi Coetzee en Gert Snyman.

**Tweede Span:**

Die tweede span het die pyp teen Lichtenburg gerook met een doel teen nul. Dit was 'n harde en ietwat rowwe wedstryd.

## DAMESHOKKIE:

## WES-TRANSVAAL PROEFWEDSTRYD

Die dameshokkieklub het Saterdag op die Olënpark aan die Wes-Transvaalse proefwedstryde deelgeneem. Hulle het teen twee gekombineerde spanne gespeel. In die eerste wedstryd is daar geen telling aangeteken nie, maar in die tweede wedstryd het die Pukke 3—0 verloor. Hiermee ons hartlike gelukwense aan Bennie, Annemarie en Rietsie wat in aanmerking gekom het vir die Wes-Transvaalse span. In besonder aan Annemarie wat tot die finale wedstryd deurgedring het.

## KORFBALDAMES SNEUWEL

Daar is slagting aangerig onder die P.U.-korfbalspanne toe aldrie in wedstryde teen Normaal met die kous oor die kop huis toe gestuur is. Dit ly geen twyfel dat die Pote die beste span van die dag was nie. Ons wil ons hartlikste gelukwensinge oordra aan die ses dames wat in aanmerking gekom het vir die Wes-Transvaal proefwedstryde. Hulle is Ansa, Betsie, Stefanie, Corrie, Kobie en Julia.

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

MOOIRIVIER-APTEEK
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
Die Apteek vir Diens!!

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

ALLES NUUT ! !
Van 'n nuwe uitbreiding
tot 'n nuwe FIETS.
Kom na
PARK Fietswinkel
(F. F. TRANTER)
H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate
TELEFOON 995.

J. P. van der WALT APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA
WESTVAAL

DIE BULT SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

TURKSTRA BAKKERY
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
• BROOD
en
• ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

J. HEIDEMA
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

Studente . . . !!
vir al u
• Handboeke,
• Skryfbenodighede,
• Leertasse,
• Geskenke, ens.!
BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

FLEURETTE BLOEMISTE
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
Bestel a.u.b. vroeg
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.
TELEFOON 709

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer a n Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
FIETS aan te sk .
C. V.D. MERWE
FIETSHANDELAAR